



KAMMANUUS

Nommer 312

5 September 2011

'n Publikasie van Onsdorp.com



TOULEIER

Die lapkoppe gee my 'n bioniese knie

Hallo Julle

YadeNuus

Goeie nuus oor Bloemfontein se Yade bejaardesorg-inrigting. Een van ons lesers, Ingrid Hoffmann, gaan 'n hele R10,000 skenk sodra die verkoop van haar woonstel in die Strand deur is. Ons wag opgewonde saam met haar. Dankie aan dié van julle wat weer bygedra het, en veral die gereelde poging van die Rooibostee-werkers daar in Clanwilliam. Ons rekening staan tans weer op R2500

Totale knieervanging is nie vir sissies nie.

Ai die dinge wat mens jou als indink voor 'n groterige (of enige?) operasie. Eers gewonder of dit net ek is, maar toe ek so bietjie rondvra, kom ek agter baie mense maak maar voorsorg en vertel vir maatjie waar als gebêre is en wat al die wagwoorde is vir jou rekening, net in geval, want mens weet nooit nie, nè?

Dis 'n week later en ek is weer by die huis. Ek hop-en-loop al so tussen twee krukke, terwyl my splinternuwe bioniese knie en my eie been se senings mekaar leer ken. Daar was eers lank en diep derms getrek tussen ek en Kamermaatjie oor waar die beste sou wees vir die operasie: Hier in Doha, of daar in Duskantland. Ons het gekyk na dinge soos die kundigheid van die dokters, die kwaliteit van die hospitale, waar ons gaan bly en veral die nasorg en die fisio wat deurgewerk moet word.

Jors Troelie moes ook ernstig kyk na hoe lank mens gaan af wees, want bly jy te lank weg, kom die lapkoppe sommer gou sonder jou klaar.

Ek berus my toe maar onder die mes, of sal ek eerder sê die saag, van 'n Libiese dokter hier in Doha.

Vooraf het ons twee mekaar eers goed in die oë gekyk. Saam besluit dat daar onder epiduraal geslag word. Mens sou nou dink ek is recce om te wil wakker lê vir die operasie, maar dis eintlik omdat ek maar 'n banggat is. Ek is katvoet vir algemene narkose. Mens slaap te diep. Party mense bly sommer aanhou slaap . . .

Wawydwakker en sonder eers 'n ou Valiumpie, word ek toe laas Saterdag ingetrollie in die teater. Maak my onderlyf lam en span so 'n groen gordyntyjie hier oor my bors tussen my en die slaghuis. Moes toe maar lê en luister na al die timmer, beitel, saag en suig hier agter die lakentyjie. Klink later of hulle met 'n kettingsaag bome afsny in die oerwoud.

Skielik begin die saag vassteek. Die blokman vloek in Arabies. Hy beveel sy handlangers om 'n beter saag te kry en gou ook, anders gaan dit 'n lang dag word. Nog 'n paar keer trek die Kalahari-versterkte gebeentes die saag dood. Dr Kaleb loer oor my gordyntyjie: "Wat voer hulle julle Suid Afrikaners?" Gelukkig vir hom staan hy net wyd genoeg sodat ek nie sy familie juwele in die hande kan kry nie. Ek dink net aan die pyn wat kom.

Dan ruik ek uiteindelik die gom waarmee hulle die ysterpenne in die afgesaagde bene vasgom en besef dankbaar die einde is naby. Hulle laat sak die gordyntyjie so effe en laat my kyk op 'n monitor teen die dak hoe hulle die laaste bietjie toemaakwerk doen en met 'n staalkrammertjie die vel vasheg. Hulle los die epiduraal pypie in my rug en in die kamer koppel hulle so 'n masjientjie waarmee ek myself ekstra doppe pynmedisyne kan toedien indien nodig.

Steeds geen pyn nie. Ek begin dink dis nie so erg as wat almal sê nie. Manhaftig bestel ek aandete van 'n spyskaart wat in 'n restaurant hoort, nie in 'n hospitaal nie. Lank voor aandete kom trek die hel by my in. Elke sekonde van pyn voel soos 'n uur. Elke vyftien minute looi ek daai pynpompe. Die duiwel bly stook die vuur in my knie. So teen twee uur die oggend is ek al deur drie weke se pyn.

Vyfuur skrik ek wakker. Net so skielik soos hy gekom het, het die pyn verdwyn. Tot vandag toe, 'n week later. Net spierpyne. Volgens almal hou die erge pyn vir weke aan. Is ek dalk 'n recce of moet die ander skoene nog val?

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS



Om die kampvuur

Hoekom maak mense oorlog?

Die **Amerikaners** veg vir 'n vrye wêreld.

Die **Engelse** meestal vir eer en glorie en medaljes.

Die **Franse** en **Kanadese** besluit te laat om te veg.

Die **Italiane** is te bang om te veg, Die **Russe** het geen keuse nie.

Die **Duitsers** baklei vir die Vaderland.

En die **Boere**? Daai bliksems baklei vir die hel daarvan."

-- **Genl. George Patton van Amerika**

'n Paar gedagtes

Ek is 'n kleptomaan. Wanneer dit baie erg word, neem ek iets daarvoor.

Rooi vleis is nie sleg vir jou nie.

Slymerige groen vleis is sleg vir jou.

Soms is te veel drank te min.



Hoekom hulle vroue vir strandfoto's kies

Toeriste se vrae

Suid-Afrikaners staan dikwels verstom oor die onkunde van buitelanders oor die land – ook dié wat hier kom besoek aflê:

Op Hermanus:

- "Gee walvisse altyd in die water geboorte?"
- "Wat voer julle die walvisse? Hoe hou julle hulle in die baai?"
- "Sal hulle nader kom as ons hulle roep?"

In die Krugerwildtuin:

- "Waar hou julle al die diere snags?"
- "Waar lê renosters hul eiers?"

Hulle het ook dikwels geen idee waar Suid-Afrika is nie, en dan hoor jy sulke dinge:

- "Suid-Afrika? O, ek was al in Afrika. Tunisië."
- "Kry julle darem die mieliemeel wat ons vir julle stuur?"
- "Miskien ken jy my tante in Uganda?"

HOEKOM SÓ?

Dis nie noodwendig die waarheid nie, maar nogtans interessant:

V: Hoekom klink mense hul glasies voordat hulle 'n heildronk drink?

A: Dit was die gewoonte om iemand met 'n gifdrankie te vermoor.

Vir die gas om te toon dat die drankie veilig is, het dit die gewoonte geword dat die gasheer 'n klein bietjie uit sy glas in die gas s'n oorgooi. Albei mans het dan tegelyk gedrink.

Wanneer die gas sy gasheer vertrou het, het hy net die gasheer se glas met syne geklink.

Vreemde verkeersreëls

Om 'n voetganger in Beijing te wees is erg – jy kan net sowel nie bestaan nie. Hoewel daar wat ons in Suid-Afrika noem sebra-oorgange vir voetgangers is, kan motoriste wat by een stilhou 'n waarskuwing of 'n boete kry.

Presies die teenoorgestelde geld Switzerland, waar voetgangers altyd die voorkeur kry. Hulle mag selfs voor 'n kar instap.

In Rusland en Roemenië is dit teen die wet om met 'n vuil motor te ry.

Dis ek - en hier is my CV



Ek is 'n dame en is kosbaar.

Kyk wat is als in my:

Silwer ini hare.

Goud ini tanne.

Yster ini are.

Stene ini niere.

Kalsium ini knieë.

Lood ini voete,

En SEXY OOK:

Die bo-seksie hang ori onderseksie

Dan nog die oulike man wat my soggens wakker maak - Arthur Ritis.

Is die lewe nie 'n fees nie!



Duskantlander in Anderkantland

Water maak uit die sneeu is harde werk



Deur GERARD DE JONG van SANAE in Antarktika

Die jaarlikse reënval in Antarktika is tien keer minder as in die Karoo. Per definisie word Antarktika as 'n woestyn geklassifiseer. Sewentig persent van die aarde se varswater is in Antarktika vasgevang in die vorm van ys en sneeu.

Hier is so baie daarvan dat slegs 2 persent van die land, wat so groot soos Europa is, bo die ys en sneeu uitsteek. Water is egter baie skaars. Die SANAE 4 basis is op die bergpiek van 900 meter bo seevlak gebou. Ek wonder soms of dit sou moontlik wees om met 'n voertuig tot bo te ry as al die ys en sneeu sou verdwyn.

Gedurende die somer het ek water sien loop tussen die rotse. Die water loop bergaf waar dit weer ys vorm. Dit wil vir my voorkom asof sneeu nie ys kan word nie. Sneeu moet eers energie bykry in die vorm van hitte, voordat dit water word en daarna kan dit ys vorm.

Die wit vlaktes van Antarktika is gekompakteerde sneeu en nie ys nie. Selfs die ysberge wat by die kus afbreek is nie ys nie. Dit is gekompakteerde sneeu. Regte ys is nie wit nie, sneeu is wit. Gekompakteerde sneeu het soms 'n blou skynsel en word blou ys genoem.

Hier by die SANAE-basis benodig ons ongeveer 1500 liter water per dag. Water word gemaak by die sneusmelter ongeveer 200 meter berg-af, oos van die basis. Die sneusmelter staan bekend as die *smelly* en die werk om die *smelly* vol sneeu te skep word *smelly skivvy* genoem.

By die *smelly* is daar twee tenks. Die koue tenk met 'n opening bo waar sneeu ingegooi word en 'n warm tenk wat gebruik word om water te sirkuleer na die koue tenk.

Tussen die twee tenks is 'n pompkamer vanwaar die water gesirkuleer word. Die tenks en pompkamer is onder die grondvlak. (sneeuvlak) Elke tenk het 6 elektriese verhitte elemente wat van driefase krag voorsien word. Die verhitte elemente word van 'n rekenaar af (PLC) beheer. Die totale kragverbruik van die *smelly* kan tot 50 kW wees as al die verhitte elemente en pompe aan is.

Die water word verhit tot by +30 °C voordat dit met 'n pyplyn na die basis gepomp word. Die tweehonderd meter lange pyplyn word verhit met elektriese *heater tape* en is geïsoleer om te voorkom dat water in die pyp ys.

Nadat water basis toe gepomp word, word al die water in die pyplyn terug na die *smelly* gedreineer. Die *smelly* lê heelwat laer as die basis. In die basis is daar tenks wat 30 000 liter water kan stoor.

Vir elke liter water moet een kilogram sneeu met 'n graaf in die *smelly* gegooi word. Dus 1,5 ton sneeu per dag. Dink net hoeveel ton sneeu word tydens die oornamse benodig as hier tagtig mense is. Daar is elke dag twee spanlede wat *smelly*-werk doen. Soms is die weer so sleg dat daar nie gewerk kan word nie. Dit beteken dubbelle werk vir die volgende werkers.

En dis harde werk. Die sneeu kompakteer en word kliphard. Die stootskrapers word gereeld gebruik om sneeu op hope by die *smelly* te stoot. En somer tot binne in die kouewater tenk. As die *smelly* te vol gemaak word, smelt net die onderste sneeu. Die boonste sneeu vorm 'n ysbrug oor die opening van die tenk.

Ongelukkig is die stelsel nie baie doeltreffend nie. Ons brand diesel teen minder as 30% doeltreffendheid om elektrisiteit te maak en dan die sneeu te smelt. Na my mening sou dit meer doeltreffend wees om 'n dieselbrander by die *smelly* te gebruik om sneeu te smelt. By die somerbasis (Huisie by die See) gebruik ons so 'n stelsel. 'n Dieselbrander verhit 'n vloeistof wat in 'n geslote stelsel weer die sneeu smelt.

KOUE

Dit was 'n helder, koue dag in April en die klokke was besig om dertien te slaan. -- *George Orwell; die eerste sin in sy boek 1984.*

Daar is drie ondraaglike dinge in die lewe: koue koffie, louwarm sjampanje en vroue wat te opgewonde is. -- *Orson Welles*

Die koudste winter in my lewe was 'n somer in San Francisco. -- *Mark Twain*



Uit die wakis

Feite, Flaters, Fiksie en Fabels

Man se plan werk toe nie

'n **MAN** met 'n geamputeerde been het 'n slim plan gekry sodat hy kan voortgaan om sy kar te bestuur. Ongelukkig was die verkeersowerhede nie ewe in hul noppies nie.

Die man is in sy Toyota afleweringvoertuig afgetrek. Daar is ontdek dat hy sy elfjarige seun gebruik om die koppelaar in te trap terwyl hy die ratte verwissel. Sy sesjarige seun was ook 'n passasier.

Die 39-jarige man van Kaapstad het vertel dat sy been in 1996 afgesit is ná 'n besering wat hy in 'n benedegeveg opgedoen het. 'n Bejaarde man hom altyd gehelp, maar hy het sy seun die afgelope twee maande gebruik om die koppelaar in te trap. Hy het ook erken dat hy nie 'n rybewys het nie, maar 'n leerlingrybewys, en dat hy besig is om te leer om 'n voertuig met 'n outomatiese ratkas te bestuur. By verdere ondersoek is gevind dat dié bewys reeds verlede jaar verval het, dat die voertuig se handrem foutief s en dat een van die sitplekke los is.

Hy het ook nie 'n veiligheidsgordel aangehad nie en een veiligheidsgordel was gebreek. Daar was ook 'n paar ander meganiese probleme.

Die spietkop was simpatiek, maar het tot die beslissing gekom dat die man, om die spreekwoord te gebruik, nie 'n been gehad het om op te staan nie.

Dekaan knikker studente uit

VIER STUDENTE het een nag tot baie laat gekuier, pleks van om voor te berei op die volgende dag se toets.

Die oggend maak hulle 'n plan: Hulle besmeer hulself met ghries en vullis en stap na die dekaan. Hulle vertel hom hulle was die vorige aand by 'n troue. Op pad terug het 'n band gebars en hulle moes die kar heelpad huis toe stoot omdat die spaarwiel pap was. Hulle is nie nou in 'n toestand om 'n toets te skryf nie.

Die dekaan was 'n regverdige man, en vra of hulle die toets oor drie dae kan skryf, waartoe hulle met graagte instem.

Op die derde dag tree hulle aan. Die dekaan sê daar is net een spesiale voorwaarde: Hulle moet elkeen in 'n aparte klaskamer sit. Hulle stem gemaklik in, want hulle het hard geleer vir die toets.

Die toets het uit vyf vrae bestaan, met 'n totaal van 100 punte.

MIDDELSEMESTER KLASWERKTOETS

Al vyf vrae is verpligtend.

Enige weersprekings in die antwoorde sal beteken dat die kandidaat nul punte kry.

Vraag 1: Skryf jou naam (2 punte).

Vraag 2: Skryf die name van die bruid en die bruidegom op die troue (30 punte).

Vraag 3: Watter soort model motor se wiel het gebars (20 punte).

Vraag 4: Watter band het gebars (28 punte).

Vraag 5: Wie het die motor bestuur (20 punte).

Trap 'n fiets vir kos

DIE Crown Plaza hotel in Kopenhagen bied 'n gratis maaltyd aan vir elke gas wat elektrisiteit vir die hotel produseer op 'n oefenfiets wat aan 'n kragopwekker verbind is.

Gaste moet minstens 10 watt-ure krag opwek, iets wat ongeveer vyftien minute se trapwerk kos vir iemand wat gemiddeld fiks is.

Hulle kry dan 'n koopbewys vir 'n ete wat \$36 (sowat R250) werd is.

Britte se verlore generasie

"**DAAR** is net twee klasse in die moderne Brittanje: dié wat wil werk en dié wat nie wil nie," skryf die joernalis Janet Street Porter.

Die laaste groep word ook al groter: daar is 'n kwartmiljoen huishoudings waarin niemand nog ooit 'n werk gehad het nie.

Die kinders in hierdie huise word op welsynstoelaes grootgemaak en het geen rolmodelle en geen aansporing om beter as ma en pa te doen nie.

"Dis voorwaar die verlore generasie."



Deel 2

Die rowers ontgeld dit in Valhalla



In Deel 2 oor sy weermagervaring vertel

DIRK BOSHOFF

van sy aankoms en vuurdoop op Valhalla.

So het ek my skrywe ontvang om my in 1985 by die Lugmag by Valhalla aan te meld. Busse het jou daar gaan aflaai, of treine vir die manne wat van ver gekom het, of jou ouers het jou daar besorg.

Party ma's het Vaalriviere volgehuil nadat hul seuns daar afgelaai is. Jy moes die minimum goed saamneem: tandeborsels, seep, swart politoer, borsel, ensovoorts. Almal is met hul beskeie tassies in rye staan gemaak, party met lang hare, ander netjies, of slordig en van verkillende tale en kulture.

Ons gewig en lengte is geneem. Die kleur van jou oë is neergeskryf en soms was jy van bakboord na stuurboord gestuur omdat die dames nie kon sien watter kleur jou oë was nie. Jou bloedgroep is vasgestel en jy moes dit later op jou weermaggordel skryf. Dis nou sodat die mediese ouens gou kon sien watter bloed jy moet kry as jy geskiet word.

Dan het jy sommer so in die staan twee inspuittings ook gekry terwyl hulle in jou keelgat afgeloer het om vas te stel of jou mangels nog wortel skiet, alles op een slag.

Jou hare is alles afgesny om die gewig wat jy opgetel het met die inspuittings weer te verloor en so is ons in vlugte ingedeel. In die Lugmag was 'n klein groep bekend as 'n vlug, en 'n klomp vlugte saam was 'n eskader genoem. Jy is ook gekeur in jou fiksheid en of jy sekere goed nie kan doen nie.

G1K1 was jou tops en die PTI korporaal het swaarde op sy skouers wat bewys was dat hy al gevorderde opleiding gehad het en daarom ook tegniese fiksheidinstruktors was.

Ek was 'n G1K1. Hoe laer jou gradering, hoe meer liggaamlike probleme het jy gehad en minder oefening sou jy kry. Ek was in Vlug 1 waar 22 jong manne was. So het ons balsakke gekry ('n groot bruin materiaal sak waarin jou siviele klere moes kom) en groot staalkratte waarin ons uniforms en weermag goed moes kom.

Ons het netjiese uitgaan drag gekry, oefenklere, onderklere (wat ook ketties genoem was), kouse, skoene en veldklere waarmee jy in die bos gegaan het. So staan ons die eerste vroeë middag (ongeveer 12:30) voor ons slaapplek vir die volgende drie maande. Geen hare, bietjie besittings in rye van drie.

Ons instrukteur was korporaal Van Rooyen, wat ook 'n 2de swart dan in karate gehad het. "Ek soek stilte hier, rower!" word op ons geskreeu. Lugman Doubell langs my giggel en dink dit is 'n grap.

"Rower, jou siviele neigings gaan nie hier werk nie. Kom hier, rower!" spoeg Korporaal Van Rooyen die woorde uit nadat hy die Ingelsman betrap het waar hy staan en giggel. Hier kom groot marakkas. Ons staan voor 'n netjiese skoongemaakte gebou wat slaapplek het vir 22 van ons. Die vloere blink soos 'n spieël.

"Vat daai fire bucket rower, beweeg jou gat, jy is nie nou by jou ma nie." So het Doubell die emmer volg sand gemaak en oor die mooi skoon vloere van ons slaapvertrek gegooi – uiteindelik drie vol emmers, die sand eweredig oor ons vloere gestrooi.

Ons staan in die warm somerson en sweet onself in 'n ander bloedgroep in. Dit was doodstil tussen ons, elkeen met sy eie gedagtes van wat op ons wag. Die drie emmers sand word opgevolg met drie emmers water, en Doubel moet aandra.

Met die vloere 'n modderige gemors moes Doubell hulle vir sy straf twee ure lank was. Ons rûe het later seer geraak van die lank stilstaan, en Doubell het later begin huil soos 'n baba. En so het ons diensplig begin.

Ons moes daardie vloere weer so blink soos 'n spieël kry, en so het ons spanbou, opleiding en ondersteuning vir mekaar begin.

Ek hou daarvan om met wyn te kook.
Ek sit dit soms selfs in die kos.



Giggels

Merk jou bydrae GIGGELS en pos dit aan pos@onsdorp.com



LOS MY, EK SLAAP!

DIT WERK NIE SO NIE

Meraai sê vir Gatiep: "Djy moenie dink djy sal by die hemel se hek kan ingaan as djou asem so na drank stink nie!"

Gatiep: Dja Meraai, djy hou djou baaaie slim nè. Maar daar is 'n technical point van hemel toe gaan wat djy nie van weetie. My asem ganie saamie, ek blaas hom mos hier yt!"

CHINESE SPREEKWOORD

Jy het baie skroewe nodig om 'n bababedjie te bou, maar net een spyker om hom te vul.

DAAR HET JY DIT!

Die vrou kom die aand met 'n nuwe ring by die huis aan. Haar man vra waar sy dit kry.

Vrou: "Ek en die baas het saam Lotto gespeel en die wengeld gedeel."

Die volgende aand het sy 'n nuwe selfoon, en sy vertel dieselfde storie.

Die derde aand het sy 'n nuwe kar. Dieselfde storie. Sy vra toe haar man moet vir haar badwater intap. Toe sy daar kom, is die prop skaars toe onder die water.

Vrou: "Hoekom het jy so min water ingetap?"

Man: "Ek is bang jou Lotto-kaartjie word nat!"

SLIM SOUTIE

Drie Boere en 'n Soutie, al vier is getroud, speel saam gholf.

By die vierde putjie gebeur die volgende gesprek:

Boer 1: "Julle het geen idee hoe ek moes soebat nie. Ek moes my vrou belowe ek sal volgende naweek elke vertrek in die huis verf."

Boer 2: "Dis nog niks. Ek moet 'n nuwe dek by die swembad bou."

Boer 3: "Man, julle het daar lig van afgekrom. Ek moes belowe dat ek die hele kombuis sal oordoen."

Hulle hou aan speel en voltooi die putjie toe hulle agterkom die Soutie het nog niks gesê nie.

"Komaan," sê hulle, "wat moes jy doen om saam te kom?"

Soutie: "It was simple. I just set the alarm for 05:30, gave my wife a slap on the backside and said: 'Golf course or intercourse?' She said: 'Wear sun block.'"

KAAPSE VLAKTE

Mavis Fortuin doen aansoek vir werk.

In onderhoud vra die eenaar:

"Mavis het jy tik geneem toe jy op op skool was?"

Mavis: "Nei maneer, daai djare was da net dooswyn en dagga!"

TYD STAP AAN

My buurman en sy vrou was sonder 'n bespreking in 'n besige restaurant, en die kelner sê hulle sal so 45 minute moet wag.

My buurman sê toe vir die kelner: "Jong man, ons is albei 90. Ons het dalk nie nog 45 minute om te wag nie."

Daar is dadelik vir hulle 'n tafel skoongemaak en gedek.

ANDY CAPP deur Smythe





PROTOKOL

Só maak jy afsprake wêreldwyd



WIT VROUE

Eerste afspraak: Jy mag haar goeienag soen.

Tweede: Jy kry dit reg om haar te bevoel en warm te vry.

Derde: Jy mag seks met haar hê, maar net wanneer sy wil en net in een posisie.

IERSE VROUE

Eerste: Julle word albei stormdronk en spyker.

Tweede: Julle word albei stormdronk en spyker.

Derde: Julle word albei stormdronk en spyker.

ITALIAANSE VROUE

Eerste: Jy neem haar na 'n opvoering en 'n duur restaurant.

Tweede: Jy ontmoet haar ouers en haar ma maak spaghetti en frikkadelle.

Derde: Julle spyker, sy wil met jou trou en dring aan op 'n 3-karaat ring.

Vyfde herdenking: Julle het al vyf kinders en walg by die gedagte aan spyker.

Sesde herdenking: Jy kry vir jou 'n skelmpie.



SJINESE VROUE

Eerste: Jy koop vir haar 'n duur ete, maar niks gebeur nie.

Tweede: Jy koop vir haar 'n nog duurder ete, maar niks gebeur nie.

Derde: Jy maak nie 'n derde afspraak nie want jy weet niks gaan ooit gebeur nie.

INDIESE VROUE

Eerste: Ontmoet haar ouers.

Tweede: Bepaal 'n datum vir die huwelik.

Derde: Wittebroodsnag.



SWART VROUE

Eerste: Jy koop vir haar 'n duur ete.

Tweede: Jy koop vir haar en haar vriendinne duur etes.

Derde: Jy begin haar woonstelhuur betaal.

Tiende: Sy is swanger, maar jy is nie daarby betrokke nie.

MEKSIKAANSE VROUE

Eerste: Jy koop vir haar 'n duur ete, drink Tequila en spyker op die motor se agterste sitplek.

Tweede: Sy is swanger.

Derde: Sy trek by jou in. 'n Week later word sy gevolg deur haar moeder, vader, twee susters, broer, al hulle kinders, haar ouma, haar suster se kêrel en sy drie kinders. Julle oorleef op rys en boontjies vir die res van jou lewe.

JOODSE VROUE

Eerste: Jy bestee al jou geld om haar te beïndruk.

Tweede: Jy gaan 'n lening aan om jou beeld te behou.

Derde: Jy is bankrot, en sy kry iemand wat ryker is.



ARABIESE VROUE


Eerste: Ma, pa, broers en susters, nefies en niggies, ooms en tantes, vriende en die hele Arabiese gemeenskap kom daarvan te hore.

Tweede: Jy word in die straat doodgeskiet en jou kroonjuwele word vir die bokke gevoer.

Derde: Daar is geen derde.

En wat is die kern van die saak?

IS IERSE VROUE NIE WONDERLIK NIE!



Woordgids vir besoekers

As julle vriende het wat in Suid-Afrika kom kuier, laat hulle vooraf hierdie lysie memoriseer. Dit sal hulle baie help om te verstaan wat gesê word.

Dis ook 'n nuttige gids as hulle dalk na die SABC se nuus- of gesels-programme luister.

Beck - Not the front.

Ben - To set alight.

Cut - A small vehicle drawn by a donkey.

Errors - E.g. ebbon errors (urban areas).

Feather - Implies distance. Cape Town is feather than Joburg.

Fok - Pronged cutlery, often used with a knife.

Gudden - Around your house, where you grow plunts.

Get - A hinged opening in a fence.

Hair - Opposite of him.

Hiss - Masculin form of hairs.

Itch - As in itch and aviary pairsin.

Kennel - Army officer.

Ki-tagari - Section of a subject - category.

Len - To aquire knowledge.

Marra - The womand married to your farra.

Mills - Food. Some poh pee-Pull go without it.

Pee-pull - Die mense. People. When said very fast, poepol.

Poh pee-pull - People who are financially challenged.

Phlegm - The hot part at the end of a candle.

Piss - Symbolised by white doves.

Suffa-ring - Poh pee-pul are suffa-ring.

Toks - Negotiations.

Weaner - The weaner takes all.

Wekkas - They do the work.

Weld - The earth.

Wok - What you must len to do before you can run.



Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Esmé en Jan se resepte #14

KARRINGMELK POEDING

- 1 koppie suiker
- 4 eetlepels botter
- 3 eiers, goed geklop
- 1 koppie bruismeel
- 3 koppies karringmelk (500ml karton)
- 1 koppie melk
- 1 teelepel bakpoeier
- Knippie sout

METODE:

1. Room botter en suiker goed tot lig en donsig. Klop eiers deeglik en voeg by.
2. Sif meel, sout en bakpoeier saam en roer in mengsel. Roer karringmelken melk geleidelik by.
3. Gooi slap mengsel in gesmeerde bakskottel / bak. Bak 1 uur in 'n matige oond, vooraf verhit tot 180 °C.

MELKTERT-VULSEL (Resep nr. 174 vir 1972)

(vir 'n gaar tertdop of tennis- of mariebeskuitjie-kors)

- 3 koppies melk
- 1 koppie suiker
- 3 eiers
- 1½ eetlepel botter
- 2 hoogvol eetlepels maizena (mielieblom)
- Kook melk en botter saam.
- Klop eiers en suiker tot lig.
- Maak maizena aan met bietjie koue melk tot 'n gladde pasta en meng eiers in.
- Giet melk stadig in eiermengsel in terwyl geroer word (pasop dat dit nie skif nie).
- Roer oor lae hitte tot gaar.
- Verwyder van stoof.
- Roer 1 eetlepel koue melk in.
- Skep in gaar kors of tennis- of Mariebeskuitjie-kors.
- Sprinkel bietjie neut of kaneel bo-oor.

Die volledige BEDANKINGSLYS sal ná afloop van al die plasings verskyn. Die volledige reeks sal ook in e-boekformaat beskikbaar gestel word. Dié wat egter nie tot dan kan wag nie, kry jou KAMMANUUS!

STAMBOOM

COETZEE billc@ncm.co.za

Ek is **Meider Johannes Edward Coetzee**, na my oupa vernoem. Hy is in 1912 in die Delmas- distrik gebore. Wil graag weet waar die name Meider Johannes vandaan kom? Die name is glo met die Leibrandt-familie verbind. Robey Leibrandt se vader en oudste broer was albei Meider Johannes. Kan iemand my dalk inlig oor die verbintenisse tussen die Coetzee- en Leibrandt- families?

DE BEER swanepoeljacques@saps.org.za

Enige inligting rakende **Fransina Hendrina Magdalena De Beer**, gebore 07/02/1926. Enige inligting oor haar voorsate sal ook waardeer word.

HUSKISSON abkruger@mweb.co.za

Op soek na voorouers en afstammelingen van **Joseph Jacques Huskisson**. Enige inligting sal baie waardeer word. Baie dankie.

LOMBARD mariewif@telkomsa.net

Ek is op soek na meer inligting oor my oupa, groot oupa en agtergroot oupa. My oupa was **Marthinus Jacobus Lombard**, gebore in 1868, Ladysmith Natal.

RADEMAN nata@mobileemail.vodafonesa.co.za

Ek soek inligting oor die volgende mense asseblief: Petrus Jacobus Rademan (Uitenhage, Swellendam); Sebastiaan Jacobus Brink (Patensie); Maria Sarah Swart (Swellendam); Daniel Gideon Brink (Wellington); Lydia Jakoba Miriam Barnard (George); WJ Mouton (Lambertsbaai) en Doreen Burger (Leipoldville). Enige iemand wat bogenoemde mense geken het, kontak my gerus.



AGTEROS

Net voor uitspantyd



Gestoeiery met velskoentjies

Die ouer garde vertel graag van 'n tyd toe almal nog 'vellies', of dan velskoene gedra het. Dourie dae was daar toe ook 'n jong juffroutjie wat een van die kleintjies by die plaasskooltjie moes help om sy vellies aan te kry.

Die seuntjie vra die juffrou om te help en sy kon sommer ook dadelik sien hoekom.

Selfs met haar gedruk en getrek kon sy nie die vellies aan die outjie se voete kry nie. Teen die tyd dat sy by die tweede vellie uitkom, breek 'n lagie sweet op haar voorkop deur en die hare begin slierte raak hier by haar ore se kant.

Dis toe dat die mannetjie so tussen die vier afwesige voortandjies sê:

"Juffrou, hierie kant se vellie is aan die verkeerde voet". Sy kyk, en so wrintiewaar. Haar wange slaan blos, want die knoppies en metertjies daar diep binne begin nou 'hallo' sê.

Die uittrek van die verkeerde vellie was g'n makliker as die aantrekslag nie. Haar linkerooglid begin onwillekeurig spring en sy voel of almal van honderd meter ver dit kan sien.

Sy hou kop en sy en die outjie begin weer, hierdie keer aan die regte voete. Dit gaan nou wrintie vinniger, totdat die mannetjie kordaat aankondig:

"Hierie issie my vellies nie!" Op pad om in sy gesig te skree, byt die juffroutjie per ongeluk haar tong raak. Sy kom tot verhaal en sê:

"Hoekom het jy nie vroeër gepraat nie?" Weer is is dit 'n gestoei om die vellies wat nou maar net nie wil pas nie uit te trek.

Pas is die vellies uit, toe sê die mannetjie: "Dis my boetie se vellies, my ma het my dit gemaak aantrek vanoggend skool toe!"

Die juffroutjie sluk droog, skraap al haar moed bymekaar en begin weer van voor af die vellies aan sy voete stoei.

Uiteindelik! Sy help hom sy truitjie aantrek, en sy vra: "Nou waar is jou kouse?"

Hy sê: "Ek het hulle voor in my vellies gebere".

• **Ingestuur deur Lina Nieman.**

19 SEPTEMBER is wanneer jou volgende KAMMANUUS verskyn.